Klein Meisies,

# GROOT Drome



THINK
DIGITAL ACADEMY

# Malala Yousafzai



In die pragtige Swatvallei, in Pakistan, het ’n Moslemmeisie met die naam Malala gewoon.



Haar huis was eenvoudig, en so ook die meisieskool wat haar pa bestuur het.



Alhoewel onderwys elke mens se reg is, het haar ma nooit die kans gekry om te leer lees en skryf nie. Tog het Malala gehoop dat haar lewe anders sou wees. Sy wou vir almal bewys dat meisies ook groot drome kan hê.




Maar Malala se droom het in ’n nagmerrie verander toe ’n gewelddadige groep genaamd die Taliban beheer oor haar vallei oorgeneem het. Hulle het die meeste dinge waarvan sy gehou het, verbied – van musiek luister tot foto’s neem en selfs vlieërs vlieg.



Die Taliban het geglo dat meisies, in plaas daarvan om skool toe te gaan, moet trou, hulle liggame van kop tot tone moet bedek en nooit die huis sonder hul mans of broers moet verlaat nie. Dit was soos om in ’n tronk te wees terwyl jy niks verkeerd gedoen het nie.



In net ’n oogwink het die Taliban honderde meisieskole vernietig en ouers bang gemaak om hul dogters skool toe te stuur. Malala en die res van die leerders het gewonder wat hulle kon doen om die waansin te stop.



Miskien het die Taliban bomme en gewere gehad, maar Malala en haar vriende het boeke en penne gehad om mee terug te veg. Hulle het besluit om hul stemme te laat hoor en uit te spreek oor hoe belangrik dit vir hul toekoms is om skool by te woon.



Hulle het hul storie op plaaslike televisie gedeel, en kort daarna is Malala gevra om vir die BBC ’n dagboek oor haar lewe onder Taliban-bewind te skryf. Sy het die naam van ’n heldin uit een van haar gunsteling Pashtun-verhale gebruik: “Gul Makai”.



Maar vir die Taliban was daar niks gevaarliker as ’n meisie wat bereid was om haar stem te laat hoor nie.



Een dag is Malala en twee van haar vriendinne geskiet op pad huis toe van die skool af. Malala is baie ernstig beseer. Die hele wêreld het oor haar gehuil.



Toe Malala wakker word, kon sy nie haar kamer herken nie. Sy is na ’n hospitaal in Engeland geneem, ver van haar huis af. Maar kinders van regoor die wêreld het boodskappe gestuur waarin hulle haar sterkte toewens. Daar was ’n hele hoop briewe wat gewag het om gelees te word.



Malala het nie net beter geword nie, maar ook sterker en dapperder. Sy het geweet haar storie is ook die storie van miljoene ander meisies. Met haar pa se hulp het sy ’n stigting begin om hul lewens en hul opvoeding te verbeter.



Twee jaar later het sy die jongste persoon ooit geword om die Nobelprys vir Vrede te ontvang. Malala het 'n paar dapper vriendinne van Pakistan, Nigerië en Sirië saamgebring, wat dieselfde erkenning verdien het.



Van die Withuis tot vlugtelingkampe het Malala die wêreld vol gereis en gepraat oor elke kind se reg om skool toe te gaan. Maar sodra sy in haar nuwe huis in Engeland gevestig was, was dit tyd vir haar om weer klasse by te woon.



Die dag toe sy haar graad aan die Universiteit van Oxford ontvang het, was een van die gelukkigste dae van haar lewe. Tog het sy die volgende oggend wakker geword, gereed om te veg vir al die klein Malala’s in die wêreld en hul reg om so groot te droom as wat hulle wil.
En sy sal aanhou om dit te doen.



Malala Yousafzai is in 1997 gebore in ’n gebied van Pakistan genaamd die Swatvallei. Haar pa was ’n opvoeder wat by skole en ander leerinstellings onderrig gegee het. Nog voordat sy kon praat, het Malala al in sy klasse rondgeloop – en gemaak asof sy die onderwyseres was.



Haar familie het haar geleer dat onderwys kosbaar is, en namate sy ouer geword het, het sy al hoe meer passievol geraak oor ’n kind se reg om skool toe te gaan.




Toe Malala 10 jaar oud was, het ʼn groep bekend as die Taliban beheer oorgeneem in die gebied wat sy haar tuiste genoem het. Hulle het nuwe, streng reëls ingestel, insluitend ʼn verbod op dans, televisie en – die ergste van alles – meisies wat skool toe gaan. Wanneer mense teen hulle gepraat het, het die Taliban geweld en vrees gebruik om hul sin te kry.



Honderde skole is vernietig. Maar al was sy bang, het Malala besef dat gewere en bomme nutteloos is teen ’n meisie met penne en boeke. Sy het besluit om op te staan vir dit waarin sy geglo het. Op Pakistanse televisie en saam met die BBC het Malala uitgespreek teen die misdaad om meisies van onderwys te ontneem.



Skielik was dit die Taliban se beurt om bang te wees. Malala is in 2012 deur hulle geskiet op die bus huis toe van die skool af. Wonderbaarlik het sy herstel – en weer begin veldtog voer vir meisies se reg op onderwys. Hierdie keer het die wêreld geluister.



Sy het by die Verenigde Nasies gepraat, vlugtelinge en ander aktiviste ontmoet en ’n kampvegter geword vir die regte van kinders regoor die wêreld. Malala is die jongste persoon ooit wat die Nobelprys vir Vrede ontvang het, en vandag beywer sy haar steeds vir ’n kind se reg op ’n toekoms so groot en helder soos hul drome.

**Deur Maria Isabel Sánchez Vegara**





THINK
DIGITAL ACADEMY